

Filippense 4 : 4-9

Is jy bekommerd?

---dalk oor jou siekte, operasie of somer oor jou kinders?

Paulus gee vir ons hier in Fil. 4 : 4-9 raad oor hoe jy as kind van die Here/gelowige met jou bekommernis/beproewing moet handel!

Paulus skryf hierdie gedeelte in 'n baie moeilike tyd aan die gelowiges in Filippi. Dit was in die tyd toe keiser Nero die Christene so vervolg en doodgemaak het.

Paulus kom nou in dié tyd en hy skryf aan die gelowiges:

Wees bly in die Here! Wees altyddeur bly, die Here is naby!

'n Mens kan amper vir Paulus vra: Hoe is dit moontlik om bly te wees as 'n mens deur so 'n beproewing moet gaan? Medegelowiges word doodgemaak omdat hulle glo?

Dit is dus nodig om vanuit Paulus se denkwêreld en lewenswyse hierna te kyk.

Vir Paulus was die lewe Christus en daarom het hy dit ook bely: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee". Christus was alles in sy lewe omdat hy in Hom geglo het en gewet het dat hy in Christus die ewige lewe het.

Selfs toe hy deur beproewinge gegaan het, het hy aan Jesus Christus vasgehou en kon hy dit oorleef.

Nou verstaan ons hoekom Paulus kan sê dat ons soos die gelowiges in daardie tyd in beproewinge en bekommernis "bly" moet wees!

'n Gelowige, 'n uitverkore kind van God -

---weet dat hy aan die Here behoort

---hy weet dat die Here altyd daar is vir sy kind. Hy hoef nie bekommerd te wees nie.

Paulus kom nou en hy sê dat jy as gelowige jou bekommernis oor jou siekte, oor jou kind, oor jou vrou of man moet neem en dit moet omdraai/omskep in die vorm van gebed, smeking en danksegging en dit aan die Here te gee.

As jy dit gedoen het, moet jy besef dat jou

bekommernis nou by die Here, 'n liefdevolle Vader is. Hy sal daarmee handel volgens sy wil. Dit is nou uit jou hande---jy kan daaraan niks meer doen nie.

Van jou word nou verwag om nie meer bekommerd te wees nie, maar op die Here te vertrou.

Die oomblik as jy dit besef, sal daar 'n vrede oor jou kom wat alle verstand te bowe gaan. 'n Vrede van God sal oor jou hart en gedagtes die wag hou in Christus Jesus!

Tog weet ons dat ons maar mense is---die bekommernis kom terug, miskien as jy vroeg wakker word en weer begin dink en dink en dink.

Dan sê Paulus: Rig jou gedagtes op die dinge wat daarbo is, by God.

Dit is op alles wat waar, edel, rein en wat reg is voor God

Hoe doen jy dit prakties?

Hoe rig jy jou gedagtes prakties op die Here – op dit wat daarbo is?

Neem jou Bybel en begin lees uit verskillende dele:

Ps 33---die Here sorg vir die een wat Hom eer--- daarom vertrou ons op die Here!

Ps 27: Die Here is my lig en my redder-----daarom vertrou ek op die Here---daarom hou ek goeie moed, want ek weet Hy is by en met my.

Jes 43: Jy is myne---jy behoort aan die Here--- moenie bang wees as jy deur beproewinge gaan nie! Hy dra jou, Hy hou jou vas!

As jy dit doen, sal God vrede gee en elke dag by jou wees ----in jou hart!

Wat 'n voorreg!!! Wat 'n genade!!!! In Jesus Christus.

Mag die Here met jou wees! Elke dag!



Publikasie
Publication



Is jy
bekommerd?